TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT

DIE LAERSKOOL BOEREFORT

FOON 75-4017

DE BEERSTRAAT 325
WONDERBOOM-SUID
PRETORIA 0002

Dept. Verwnr.: 1147

Ons Verwnr. .....

19 78 - 10 - 18

Mej. E.J. v. W. Lindhout
Harmoniehof 403
Mearsstraat 129
PRETORIA
0002

Geagte mej. Lindhout

Wat 'n yslike verrassing! Wat 'n wonderlike gebaar!

Baie, baie dankie vir die mooi briefie van bedanking en die groot geskenk van R50=00. Kan u besef met hoeveel waardering ons dit ontvang het - te meer omdat dit van u kom: ons eerste hoof. Boerefort is trots op u.

Ons is bly dat u en mej. Heukelman die aand geniet het. Vir ons was dit die grootste eer om u hier te kon ontvang. Mag dit nog 'n aangename insident wees by u ryke skat van herinneringe oor 'n lang, vol en vrugbare lewe.

Ons as personeel en skool bid u Gods rykste seën toe vir die jare wat Hy u nog mag spaar. Mag u nog lank goeie gesondheid en lewenskrag geniet.

Nogmaals baie dankie en sterkte.

Groetend die uwe

W.A.M. Schwartz

HOOF

W.A.M. SCHWARTZ

De Beerstraatskool.
Wonderboomsuid. Pretoria.
28 Jul. 1953.

Gedurende die vakansie is Mej. Elizabeth J.v.W. Rindhout en Mej. Aaltje van Veen deur Inspekteur P. Conradie genader om die skool te begin.

Die gebou is gelê in de Beerstraat tussen 4e en 5e laan, Wonderboomsuid.

Op 28 Julie 1953 was teenwoordig:
113 kinders; ± 50 moeders en enkele mans, alsook die lede van die waaksaamheids-komitee.

Ds Theron het geopen met skriflesing en gebed. Sy teks was: „Waag op die Here."

Inspekteur Conradie het in 'n kort toespraak die ouers verseker dat dit nie 'n Juniorskool sal wees nie, maar verder sal uitbrei tot by St. 5.

Mej. Rindhout het ook haar dank uitgespreek namens haar personeel vir die vertroue wat in hul gestel word.

Die skool bestaan uit 'n nuwe gebou:
4 gewone klaskamers.
3 grade "
1 groot personeelkamer.
1 kantoor met groot brandkas.
2 stoorkamers.
1 kombuis met koolstoof.
2 personeel latrines.
en latrines vir seuns en meisies met die
bediendekamer. met kleinkombuisie met koolstoof, stoorkamer en [illegible] stortbad.

en sal mooi koelte verskaf in die somer.
Die gronde is nog vol stof en ons het geen korfbal of rugbygronde nie
Die personeel bestaan uit:
Mej. E. Lindhout - agerende hoof
Mej. A. v. Veen.
Mev. C. Haupt.
Mev. B.H. Swanepoel.
Mev. E Henrico - deeltydse sekretaresse.
Ons het een naturelle bediende: Jan.
Die Transvaalse Onderwysdepartement het voorsiening gesorg vir tafels, stoele, banke en verbruikbare voorrade wat deur Mej. Lindhout en Mej. v Veen in ontvangs geneem is.
Dank is verskuldig aan Inspekteur Conradie vir sy lewendige aandeel in die voorbereidings, asook aan Mnr. Badenhorst van die Wonderboom suidskool vir advies, uitleen van werkskema's, voorrade ens.
Ook het Mnr. Niehaus van Menlo Park skool die lyste van boeke ens, opgestel waarvoor ons Rom vir bedank.
Vanaf die eerste dag was daar ses Normaalstudente wat drie weke praeflesse gegee het.
Die kinders is gereëlig op 'n driepennies voedingstoelae per skooldag
Tans word gegee: Melk op Maandag
Woensdag
Vrydag.
Vrugte: Dinsdag.
Vis of vleisfrikkadel: Donderdag.